

Erfenisstigting-argief

**Verw. PV 46**

**INVENTARIS VAN DIE  
JOHAN DE RIDDER  
VERSAMELING**

Saamgestel deur: Zabeth Botha

April 2022

Pretoria

## Voorwoord

Johan (Johannes) de Ridder (1927 -2013) is in Pretoria gebore waar hy sy hele lewe gewoon en gewerk het. Hy was die seun van Dries de Ridder, die eerste sekretaris van die Parkeraad, en Cecilia de Ridder (gebore Punt), die vrou wat verantwoordelik was vir die reëlings van 'n volkspelevertoning deur 2300 deelnemers met die inhuldiging van die Voortrekkermonument in 1949. De Ridder se oom, dr. Willem Punt was jarelank direkteur van die Stigting Simon van der Stel.

Na matriek aan die Afrikaanse Hoër Seunskool in Pretoria, was hy in 1944, saam met Jan van Wijk, Jack van Rensburg, Eddie Zikmann, Nic Meyer, JC Witthuhn, Karel Jooste en Richard Mönning een van die eerste voorste studente van die nuutgestigte argitektuurskool by die Universiteit van Pretoria waar hy, onder leiding van Robert Cole Bowen, Basil South, Helmut Stauch en Norman Eaton sy studies in 1950 voltooi het.

As argitek het hy veral bekendheid verwerf vir sy revolusionêre vernuwende aanslag in die ontwerp van kerke, waarvan hy sowat 35 in sy loopbaan voltooi het. Hy het ook gespesialiseer in die restourasie van monumente en ou geboue.

Onder sy projekte in hierdie verband tel die Louis Trichardt Gedenktuin in Maputo, president Paul Kruger se huise op sy plaas Boekenhoutfontein in Rustenburg, die huise van MW Pretorius en die digter Totius in Potchefstroom.

Hy was 'n voorvegter vir die regte van Afrikaans, voorsitter van verskeie komitees en het boonop langer as tien jaar vrywillig as lid van die Raadgewende Stadsbeplanningskomitee van die Stadsraad van Pretoria en die Estetiese Komitee gedien.

De Ridder, wat sy lewe lank in Pretoria gewoon en gewerk het, is in 2013 uit die Gereformeerde Kerk Pretoria-Sentraal in Kerkstraat begrawe. Hy is oorleef deur sy vrou Suzette, twee kinders en vyf kleinseuns.

## Inhoudsopgawe

1. Biografie/Artikels oor sy lewe, kerke en huise wat hy ontwerp het.
2. Pretoriana: Dr. Willem Punt Lewensskets. 1983
3. Grafte van en Monument vir die Tregardt- Trek
4. Foto's: Ingebruikneming van die Louis Trichardt Gedenktuin, 12 Okt 1968
5. A Voortrekker Memorial in Revolutionary Maputo
6. Elektroniese dokumente ook beskikbaar van sy tekeninge, foto's van geboue ens.  
Sien by PV 46 op Sharepoint